



LewenSentrum

GEMEENTE

Om God en mens lief te hê

GEBEDE

IN WOESTYNTYE

KLEINGROEPLESSE

23 Maart - 4 Mei 2020



INHOUDSOPGAWE

LES	LESTEMA	WEEK VAN	BLADSY
1	<i>Gebede wat inspireer - Moses</i>	23 Maart	1
2	<i>Gebede wat inspireer - Hiskia</i>	30 Maart	3
3	<i>Gebede wat inspireer - Daniël</i>	6 April	7
4	<i>In die woestyn - Jesus</i>	13 April	9
5	<i>In die woestyn – Johannes die Doper</i>	20 April	12
6	<i>In die woestyn - Israel</i>	27 April	14
7	<i>In die woestyn - Elia</i>	4 Mei	16

Gebede wat inspireer - Moses

A. YSBREKER

Hoe dikwels het jy in die laerskool jou hand in die klas opgesteek? En op hoërskool?

B. AANBIDDING

Worship is not an experience. Worship is an act, and this takes discipline. We are to worship in spirit and in truth. Nevermind about the feelings. We are to worship in spite of them (Elisabeth Elliot)

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus. Julle kan julle eie musiek- of sangkeuse maak, of ons speellys gebruik deur die volgende skakel:

https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

C. WOORD

- *Lees die Skrifgedeeltes hardop voor, of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word ter voorbereiding. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

1. Vir wie tel jy jou hande op?

Lees die volgende skrifgedeeltes en bespreek die vrae wat volg:

Eksodus 17:8-16 (DB) Die Amalekiete het by Rafidim teen die Israeliete kom oorlog maak. Moses het vir Josua gesê: “Kies vir jou die manne uit met wie jy teen die Amalekiete kan gaan veg. Ek sal môre bo-op die

koppie gaan staan. Ek sal die kiere wat God vir my gegee het in my hand hou. "Josua het die manne gevat en die geveg met die Amalekiete gaan begin. Moses, Aäron en Hur het teen die koppie uitgeklim en bo-op gaan staan. Solank as wat Moses sy hand in die lug gehou het, het Israel die oorhand gehad. Die oomblik as hy sy hand laat sak het om te rus, swaai die geveg om en begin Amalek wen. Moses se hand het naderhand moeg geword. Hulle het hom toe op 'n klip laat sit. Aäron en Hur het weerskante van hom gaan staan en sy hande in die lug gehou. So kon sy hande in die lug bly totdat die son die dag ondergegaan het. Josua het die Amalekiete daardie dag heeltemal verslaan. Die Here het vir Moses gesê: "Jy moet al hierdie dinge wat gebeur het, in 'n boek neerskryf. Jy moet dit ook vir Josua op die hart druk dat Ek gemaak het dat niemand op aarde ooit weer aan die Amalekiete sal dink nie." Moses het by daardie plek 'n hoop klippe laat pak as 'n gedenkteken vir hierdie gebeure. Hy het dit genoem: "Die Here is my vlag." Hy het gesê: "Die Here se vlag moet hoog in die wind waai. Die Here veg elke keer teen die Amalekiete."

Vrae:

1. Hoe ervaar jy tans jou gebedstyd?
2. Wat beteken dit vir jou om aan God verbind te wees?
3. Wat is vir jou opvallend van jou aangesig-tot-aangesigtyd saam met God?
4. Met watter karakter van hierdie storie identifiseer jy die beste? Hoekom? (Moses, Aäron, Hur, Josua)
5. Watter tipe kommunikasie met God is vir jou spesiaal? (M.a.w. die wyse/manier waarmee jy die beste met God *connect*.)

2. Oefening van die week

Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.

Hierdie week gaan ons vir een ander persoon vra waarvoor ons vir hulle kan bid. Dit is die manier waarop ons hulle hande kan ophou soos Aäron en Hur Moses se hande opgehou het.

NB! Berei groep voor om 2 Konings 18 en 19 tuis deur te lees met die oog op volgende week se bespreking.

3. Seëngebed

Hierdie seëngebed kan as die afsluitingsgebed gebruik word.

Mag jy 'n diep wete hê dat God dit geniet om tyd saam met jou te spandeer. Mag jy ervaar dat God luister wanneer jy praat. Mag jou lewe sensitief wees vir God se stem, en mag jy die moed hê om te vra dat God se wil geskied. Amen.

30 Maart 2020

Les 2

Gebede wat inspireer - Hiskia

A. YSBREKER

Het jy al ooit gedink jy is die kat se snor – net om hard aarde toe te kom? Deel dit met die groep.

B. AANBIDDING

Worship is not an experience. Worship is an act, and this takes discipline. We are to worship in spirit and in truth. Nevermind about the feelings. We are to worship in spite of them (Elisabeth Elliot)

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus. Julle kan julle eie musiek- of sangkeuse maak, of ons speellys gebruik deur die volgende skakel:

https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

C. WOORD

- *Lees die Skrifgedeeltes hardop voor, of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word ter voorbereiding. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.*

- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

1. Vir wat bekommer jy jou so!

VOORSTEL: Om tyd te spaar is die groeplede met die vorige week se “Oefening van die week” ingelig dat hulle hierdie skrifgedeelte vooraf moes deurlees. Lees nou slegs Hiskia se gebed (gekleur) saam een keer hardop deur. Daarna hanteer die leier die vrae met die groep.

(Ter wille van konteks kon hoofstuk 18 ook vooraf deur lede gelees word.)

2 Konings 19 (NLV) Toe koning Hiskia dit hoor, het hy ook sy klere geskeur. Hy het rouklere aangetrek en is na die huis van die Here toe. Daarna stuur hy die paleisbestuurder Eljakim, die staatsekretaris Sebna en die leiers van die priesters, almal in rouklere, na die profeet Jesaja seun van Amos toe. Hulle het vir Jesaja gesê: “So sê Hiskia: Dit is 'n dag van rou. Ons is in die moeilikheid en ons is verneder. Ons is soos vrouens wat in die kraam is, maar nie die krag daarvoor het nie. Miskien sal die Here u God let op die woorde van die hoofadjutant wat deur die Assiriese koning gestuur is om die lewende God te smaad, en miskien sal die Here u God hulle straf oor wat Hy moes aanhoor. Bid tog vir die klompie van ons wat nog oor is.” Toe koning Hiskia se amptenare by Jesaja kom, sê hy vir hulle: “Julle moet vir julle koning sê: So sê die Here: Moenie bang wees oor wat jy gehoor het, hoe die amptenare van die koning van Assirië My gelaster het nie. Ek gaan hom onrustig maak, so dat hy na sy land toe sal teruggaan wanneer hy daarvandaan 'n berig kry. Ek sal hom in sy eie land laat doodmaak.” Toe die hoofadjutant hoor dat die koning van Assirië weg is van Lakis af, het hy teruggegaan. Hy het die koning aangetref waar hy met 'n aanval op Libna besig was. Daar het die koning van Assirië berig gekry dat koning Tirhaka van Kus op pad is om hom aan te val. Die koning van Assirië stuur toe weer gesante na Hiskia toe met die boodskap: “Sê vir koning Hiskia van Juda: Moenie dat jou God op wie jy vertrou, jou mislei met sy versekering dat Jerusalem nie in my mag oorgegee sal word nie. Jy het mos gehoor hoe die konings van Assirië die een land na die ander verwoes het. Sal jý dan vrykom? Kon die gode van die nasies wat deur my voorgangers uitgedelg is, hulle red: Gosan, Haran, Resef, die mense van Eden in Telassar? Waar is die konings van Hamat en Arpad, die konings van die stede Sefarwajim, Hena en Awwa?”

Hiskia het die briewe wat die gesante gebring het, gevat en gelees. Daarna het hy na die huis van die Here toe gegaan en die briewe voor die Here oopgesprei. Toe het hy tot die Here gebid: “Here, God van Israel, U wat oor die gerubs troon, U alleen is God oor al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak. Hoor tog, Here, luister, kyk tog, Here, let tog op! Hoor tog wat Sanherib gesê het; hy het U, die lewende God, in sy boodskap beledig! Dit is waar, Here, die konings van Assirië het nasies met lande en al verwoes en hulle gode verbrand, maar dit was nie gode nie, dit was die werk van mensehande, hout en klip; daarom is hulle vernietig. Here, ons God, red ons tog uit die mag van die Assiriese koning. Dan sal al die koninkryke van die aarde besef dat U, Here, alleen God is.”

Jesaja seun van Amos het vir Hiskia 'n boodskap gestuur: “So sê die Here die God van Israel: Ek het jou gebed oor koning Sanherib van Assirië verhoor. Dit is wat die Here oor Sanherib sê: Sion verag jou en lag jou uit, Jerusalem kyk jou met minagting agterna. Vir wie het jy beledig en belaster? Vir wie het jy geskreeu en uitgedaag? Die Heilige van Israel! Deur jou gesante het jy die Here geminag toe jy gesê het: ‘Ek het met my wa teen die hoogste berge op gery, na die toppe van die Libanon toe; ek het sy hoogste seders afgekap, sy mooiste sipresse. Ek het sy verste skuilhoeke binnegedring, sy digste bosse. Ek het na water gegrawe in ander lande en dit gedrink, met my voetsole al die opgedamde riviere laat opdroog.’ So sê die Here vir jou, Sanherib: Het jy dan nie gehoor nie, Ék het dit bewerk, lank gelede al, van die vroegste tye af het Ek dit voorberei en Ek het dit nou laat gebeur: jy moes vestingstede verwoes en puinhope van hulle maak. Hulle inwoners was magteloos, verskrik en sonder raad, soos veldplante, soos groen gras, soos gras op 'n huis se dak: dit verskroei voor dit behoorlik staan. Of jy sit of gaan of kom, Ek weet dit, Ek weet hoe jy teen My te kere gegaan het. Omdat jy dit gedoen het, omdat Ek jou verwaande woorde moes aanhoor, sit Ek 'n haak deur jou neus en 'n stang tussen jou tande en lei Ek jou terug op die pad waarmee jy gekom het. Vir jou, Hiskia, gee Ek die volgende teken: vanjaar sal julle die opslag eet en volgende jaar wat dan opslaan, maar in die jaar daarna sal julle saai en oes, wingerde plant en druiwe eet. Dié van Juda wat die beleg oorleef het en oorgebly het, sal weer soos plante wortel skiet en vrugte dra. Daar sal mense oorbly en uit Jerusalem kom, daar sal mense vry van Sionsberg af uitgaan. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here sorg. Daarom, so sê die Here oor die koning van Assirië: Hy sal nie in dié stad inkom nie, hy sal nie 'n pyl hier afskiet nie, nie 'n skild teen die stad optel nie, nie 'n beleëringswal daarteen opgooi nie. Met die pad wat hy gekom het, sal hy teruggaan en hy sal nie weer by dié stad kom nie. Dit is wat die Here sê. Ek sal dié stad beskut en hom red, om my ontwil en om my dienaar Dawid se ontwil.”

Daardie nag het 'n engel van die Here gegaan en honderd vyf en tagtig duisend man in die Assiriese kamp doodgemaak. Toe die Assiriërs die môre vroeg opstaan, lê die lyke almal daar. Koning Sanherib van Assirië het toe kamp afgeslaan en hy is terug Nineve toe en het daar gebly. Terwyl hy op 'n dag in die tempel van sy god Nisrok aanbid het, het Adrammelek en Sar-Eser hom met swaarde doodgesteek. Hulle het na Ararat toe gevlug, en Sanherib se seun Esarhaddon het hom as koning opgevolg.

Vrae:

1. Wat doen jy gewoonlik wanneer jy nie die antwoord wat jy soek, kry nie, of as daar geen antwoord kom nie?
2. Wat van die gesprek tussen die hoofadjutant (van koning Sanherib) en koning Hiskia het vir jou uitgestaan?
3. Watter probleme/uitdagings lê hierdie week vir jou voor?
4. Is daar iets prakties wat jy, na aanleiding van die gesprek soos in die teksverwysing vervat, wil gaan doen? (Of ken jy dalk iemand wat die leuse van “Waarom bid wanneer jy bekommerd kan wees” huldig?)
5. Benodig jy enige spesifieke ondersteuning om so 'n aksie uit te voer?

2. Oefening van die week

Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.

Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.

In hierdie week gaan ons soos Hiskia ons gebede beliggaam. Dalk kan jy ook 'n brief, of die koerant voor die Here oopsprei. Anders kan jy met verskillende ligaamsposisies bid (staan, sit, kniel, lê, hande omhoog, palms na onder gedraai). Of jy kan dalk loop en bid. Deur die loop van volgende week kan jy dalk verskeie van die posisies beproef en jou ondervinding daarvan kom deel met die groep.

3. Seëngebed

Hierdie seëngebed kan as die afsluitingsgebed gebruik word.

Mag jy opnuut 'n intimiteit ervaar wanneer jy bid. Mag jy jou hart eerlik deel en bewus wees dat God luister. Amen.

Gebede wat inspireer - Daniël

A. YSBREKER

Afgesien van jaloesie – waarom dink jy is mense geïnteresseerd in die doen en late van openbare amptenare?

AANBIDDING

Laat die groep die Onse Vader stadig hardop saambid. Konsentreer op die woorde van die gebed.

Die gebed verskyn hieronder in frases waarin dit hardop deur die groep gebid kan word.

**Onse Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word;
laat u koninkryk kom;
laat u wil geskied,
soos in die hemel net so ook op die aarde;
gee ons vandag ons daaglikse brood;
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe;
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk
en die krag en die heerlikheid
tot in ewigheid.**

Amen.

B. WOORD

- *Lees die Skrifgedeeltes hardop voor, of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word ter voorbereiding. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

1. Buitengewoon getrou

Lees die volgende skrifgedeeltes en bespreek die vrae wat volg:

“Prayer is not asking. Prayer is putting oneself in the hands of God, at His disposition, and listening to His voice in the depth of our hearts.”

– Moeder Teresa

Vraag:

1. Watter gewaarwording tref jou met hierdie aanhaling van Moeder Teresa?

Daniël 6:1-8 (NLV) Die Mediër Darius het koning geword toe hy 62 jaar oud was. Darius het dit goedgevind om 120 amptenare oor sy koninkryk aan te stel. Oor hulle het hy drie hoofde aangestel as toesighouers wat na die koning se belange moes omsien. Daniël was een van die drie. Daniël was besonder bekwaam en het homself van die amptenare en die ander hoofde onderskei. Die koning het selfs oorweeg om hom oor sy hele ryk aan te stel. Die amptenare en hoofde het toe begin fout soek om iets oor sy werk teen Daniël in te bring. Hulle kon nêrens enige fout kry nie. Daniël was betroubaar en daar kon niks gekry word waarin hy nalatig was nie. Omdat hulle niks teen hom kon kry nie, het hierdie mense toe besluit dat hulle op grond van sy godsdiens iets teen hom sou kry. ’n Groep van die amptenare en hoofde is toe na die koning toe. Hulle sê vir hom: “Koning Darius, mag u nog lank lewe! Al die hoofde in die ryk, die hoofgoewerders, die hoofamptenare, die raadgewers en die goewerders beveel by u aan dat die koning ’n dekreet uitvaardig

en bekragtig dat enigeen wat gedurende die volgende 30 dae enige god of mens behalwe die koning vereer, in 'n hok met leeus gegooi sal word.”

Vrae:

2. Die dekreet was nie goeie nuus vir Daniël nie. Hoe hanteer jy slegte nuus?
3. Wanneer het jy al ervaar dat God met jou praat?
4. Waar het God jou al gebruik om 'n antwoord op gebed te wees?
5. Wat gebeur met jou tydens jou gebedstye?
6. Vir watter saak, of watter persoon voel jy geroep om in gebed in te tree?

2. Oefening van die week

Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.

Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.

In hierdie week gaan ons soos Daniël drie keer 'n dag kniel en bid. Die gebed wat ons gaan bid, is die Onse Vader ('n gebed wat die vroeë Christene in die moeilikheid met die Romeinse Ryk laat kom het). Stel jou alarm hierdie week om jou te herinner om hierdie gebed te bid.

3. Seëngebed

Mag jy jouself ten volle in God se hande plaas in jou gebedstyd. Mag jy hoor wanneer God met jou gesels en jou as instrument wil gebruik. Amen.

13 April 2020

Les 4

In die woestyn - Jesus

A. YSBREKER

Wat is die sterkste emosie wat jy hierdie week beleef het?

B. AANBIDDING

Worship is not an experience. Worship is an act, and this takes discipline. We are to worship in spirit and in truth. Nevermind about the feelings. We are to worship in spite of them (Elisabeth Elliot)

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus. Julle kan julle eie musiek- of sangkeuse maak, of ons speellys gebruik deur die volgende skakel:

https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

C. WOORD

- *Lees die Skrifgedeeltes hardop voor, of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word ter voorbereiding. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

1. Wyk Satan!

Lees die volgende skrifgedeeltes en bespreek die vrae wat volg:

Matteus 4:1-11 (DB) Kort na sy doop het die Heilige Gees Jesus na die woestyn toe laat gaan. Daar moes Hy deur die duiwel op die proef gestel word. Veertig dae lank het Jesus niks geëet nie. Hy het toe honger geword. Dit was natuurlik net die geleentheid waarop die duiwel gewag het. Hy het vir Jesus kom sê: “Kyk, as jy regtig God se Seun is, sê dan vir hierdie klippe om in brood te verander.” Jesus het egter dadelik ’n antwoord vir Satan gereed gehad: “Daar staan in die Bybel geskryf: “n Mens leef nie net van brood nie. Nee, ’n mens leef van alles wat God sê.”” Daarna het die duiwel Jesus na Jerusalem toe gevat. Daar het hy Hom op die hoogste punt van die tempel laat staan. Hy sê toe vir Jesus: “Bewys dat jy regtig God se Seun is. Spring hier af! Daar staan mos in die Bybel geskryf: ‘God het vir sy engele gesê dat

hulle jou moet beskerm. Hulle sal jou op hulle hande dra sodat jy nie eens jou voet teen 'n klip sal stamp nie.’” Toe sê Jesus vir die duiwel: “Ja, maar daar staan ook in die Bybel geskryf: ‘Jy mag nie die Here jou God uittart nie.’” Die duiwel was egter nog nie klaar met sy versoekings nie. Hy het Jesus na die top van 'n baie hoë berg gevat. Van daar af het hy Hom al die lande van die wêreld gewys met al hulle glans en rykdom. Toe sê hy vir Jesus: “Dit alles is joune. Ek gee jou al hierdie lande op 'n skinkbord. Daar is egter net een voorwaarde: buig gou voor my en aanbid my as jou god.” Daarop het Jesus skerp gereageer: “Gee dadelik pad van My af, Satan! Die Bybel sê: ‘Jy moet net die Here as jou God aanbid. Hom alleen moet jy dien.’” Na hierdie woorde het die duiwel Jesus uitgelos. Baie engele het toe na Jesus toe gekom. Hulle het Hom versorg met alles wat Hy nodig gehad het.

Vrae:

1. Het jy al voorheen 'n positiewe vas-belewenis gehad? (Enige, nie net kos nie.)
2. Op watter manier kan jy identifiseer met die woestynprentjie?
3. Wat sal vir jou 'n goeie ding wees om van te vas?
4. Op watter manier kan vas jou help om in 'n area/dimensie van jou lewe gesond te word?
5. Watter versoekings ervaar jy tans?

Matteus 6: 16-18 (OAV) En wanneer julle vas, moenie lang gesigte trek soos die geveinsdes nie; want hulle mismaak hul gesigte, sodat dit deur die mense gesien kan word dat hulle vas. Voorwaar Ek sê vir julle, hulle het hul loon weg. Maar jy, as jy vas, self jou hoof en was jou gesig, sodat jy nie die mense laat sien dat jy vas nie, maar jou Vader wat in die verborgene is; en jou Vader wat in die verborgene sien, sal jou in die openbaar vergelde.

Vraag:

6. Wat verstaan jy uit hierdie woorde van Jesus?

2. Oefening van die week

Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.

Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.

Wanneer ons vas sê ons nee vir iets sodat ons ja vir Jesus kan sê. Besluit hierdie week wat jy gaan vas en spandeer die energie wat jy gespaar het om iets positiefs te doen (dissiplines soos gebed, of Skrif-memoriserings). Onthou dat die doel is om

ruimte vir God te skep. Jy kan met jou vriende en familie deel wat jy in hierdie proses leer.

3. Seëngebed

Mag jy oortuig wees van Jesus se teenwoordigheid in jou woestyntye. Mag jy krag en wysheid ontvang wanneer versoekings oor jou pad kom, en mag jy in God se karakter groei. Amen.

20 April 2020

Les 5

In die woestyn – Johannes die Doper

A. YSBREKER

Wat het jou hierdie week verkwik en nuwe stukrag (woema!) gegee?

B. AANBIDDING

Worship is not an experience. Worship is an act, and this takes discipline. We are to worship in spirit and in truth. Nevermind about the feelings. We are to worship in spite of them (Elisabeth Elliot)

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus. Julle kan julle eie musiek- of sangkeuse maak, of ons speellys gebruik deur die volgende skakel:

https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

C. WOORD

- *Lees die Skrifgedeeltes hardop voor, of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word ter voorbereiding. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur en*

groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.

- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

1. Wie is jy?

Lees die volgende skrifgedeeltes en bespreek die vrae wat volg:

Johannes 1:19-23 (NLV) Dit is die getuienis van Johannes toe die Joodse leiers uit Jerusalem priesters en Leviëte na hom gestuur het om hom uit te vra: “Wie is jy nou eintlik?” Toe het Johannes getuig en dit nie ontken nie, maar voluit bely: “Ék is nie die Messias nie.” En hulle antwoord hom toe: “Nou wie is jy dan? Is jy Elia?” “Nee, ek is nie,” sê Johannes. “Is jy dan die profeet?” “Beslis nie!” het hy geantwoord. Hulle het toe vir hom gesê: “Wie is jy dan? Ons moet ’n antwoord kan gee aan hulle wat ons gestuur het. Wat het jy dan oor jouself te sê?” Sy reaksie was: “Ek is ’n stem wat roep in die woestyn: ‘Maak die pad van die Here reguit.’ Só het die profeet Jesaja mos reeds gesê.”

Mark 1:7–8 (The Message) As he (John the Baptist) preached he said, “The real action comes next: The star in this drama, to whom I’m a mere stagehand, will change your life. I’m baptizing you here in the river, turning your old life in for a kingdom life. His baptism - a holy baptism by the Holy Spirit - will change you from the inside out.”

Vrae:

1. Watter deel van jou identiteit/karakter (geduld, dissipline, ens.) word tans getoets?
2. Wat kan jy van Johannes die Doper leer?
3. Watter rol speel dankbaarheid in jou lewe?
4. Is daar ’n woestynarea in jou lewe waarin God besig is om jou identiteit/karakter te vorm?
5. Jesus word genoem die Weg, en Johannes het die weg voorberei – wat is jou rol?

2. Oefening van die week

Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.

Neem hierdie week elke dag 10 minute om 'n lys te maak van die dinge waarvoor jy dankbaar is. Maak elke dag 'n nuwe lys sonder om die vorige dinge te herhaal.

3. Seëngebed

Hierdie seëngebed kan as die afsluitingsgebed gebruik word.

Mag jou identiteit in God seker wees. Mag jy sterk word in die Gees om elke woestyntyd en versoeking te kan *deurgroei*. Mag jy ervaar dat God jou die Weg wys. Amen.

27 April 2020

Les 6

In die woestyn - Israel

A. YSBREKER

Watter dissipline, wat jy as kind nie kon verduur nie, het jy nou waardering voor?

B. AANBIDDING

Worship is not an experience. Worship is an act, and this takes discipline. We are to worship in spirit and in truth. Nevermind about the feelings. We are to worship in spite of them (Elisabeth Elliot)

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus. Julle kan julle eie musiek- of sangkeuse maak, of ons speellys gebruik deur die volgende skakel:

https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

C. WOORD

- *Lees die Skrifgedeeltes hardop voor, of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word ter voorbereiding. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

1. Deur tug, sy kind

Lees die volgende skrifgedeeltes en bespreek die vrae wat volg:

Deuteronomium 8:1-6 (NLV) “Gehoorsaam stiptelik al die gebooie wat ek jou vandag gee. Jy sal dan lewe en baie word. Jy sal die land binnegaan wat Ek met ’n eed aan jou voorouers beloof het en dit in besit neem. Onthou die hele pad waarlangs die Here jou God jou 40 jaar lank deur die woestyn gelei het. Dit was om jou nederig te maak en jou te toets om te sien wat regtig in jou hart aangaan en of jy sy gebooie sal gehoorsaam. Hy het jou nederig gemaak deur jou te laat honger ly. Hy het jou toe manna laat eet, kos wat jy en jou voorouers nie vroeër geken het nie. Hy het dit gedoen om jou te leer dat mense meer as brood nodig het om van te leef. Ware lewe vir die mens kom van elke woord uit die mond van die Here. Jou klere het 40 jaar lank gehou en jou voete het nie blase gekry of geswel nie. Jy moet diep in jou hart besef dat die Here jou God jou gedissiplineer net soos ’n ouer sy kind dissipline leer. Gehoorsaam die gebooie van die Here jou God deur op sy paaie te loop en Hom te eer, ...”

Hebreërs 12:5-11 (NLV) Julle het ook vergeet van die woord van aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word: “My kind, jy moet dit nie geringskat as die Here jou dissiplineer nie. Moenie ontmoedig word as Hy jou aanspreek nie. Die Here dissiplineer juis die mense vir wie Hy lief is; Hy tug elkeen wat Hy as sy kind aanneem.” Wanneer God julle as sy kinders dissiplineer, verduur dit dan as deel van sy opvoedingsprogram. Watter kind word nie gedissiplineer nie? As God julle nie dissiplineer soos Hy met al sy kinders doen nie, is julle nie regtig sy kinders nie, maar buite-egtelik. Ons aardse vaders het ons gedissiplineer, en ons het hulle daarvoor gerespekteer. Sal ons ons dan nie nog veel eerder aan ons geestelike Vader onderwerp, en só waarlik lewe nie? Ons vaders het ons vir ’n kort tydjie gedissiplineer soos hulle dit goedgevind het, maar God doen dit beslis tot ons

beswil, met die doel om ons te laat deel in sy heiligheid. Elke vorm van tug lyk vir ons op die oomblik meer na 'n rede vir trane as vir blydschap, maar later sal dit vir hulle wat daardeur gedissiplineer is, 'n vredevolle oes oplewer van 'n lewe volgens die wil van God.

Vrae:

1. Met watter van die woestynlesse kan jy identifiseer?
2. Waar sien jy Israel in jouself raak?
3. God het Israel in die woestynpad gelei. Op watter pad lei Hy jou tans?
4. 'n Vader leer, speel, dissiplineer, beskerm en voorsien. Beleef jy tans God op een van hierdie maniere?

2. Oefening van die week

Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.

Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.

Neem hierdie week elke dag 'n paar minute en praat met God oor die dele van jou lewe wat tans vir jou soos 'n woestyn voel. Skryf dan 'n psalm of klaaglied aan die Here.

3. Seëngebed

Hierdie seëngebed kan as die afsluitingsgebed gebruik word.

Mag jy die weg waarop God jou lei, raaksien, geniet, en heelhartig aandurf. Mag jy weet dat jy nie alleen loop nie en mag jy God se lering as liefdevol en genesend ervaar. Amen.

4 Mei 2020

Les 7

In die woestyn - Elia

A. YSBREKER

Vertel van 'n keer toe jou lewe 'n ontmoedigende wending geneem het.

B. AANBIDDING

Worship is not an experience. Worship is an act, and this takes discipline. We are to worship in spirit and in truth. Nevermind about the feelings. We are to worship in spite of them (Elisabeth Elliot)

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus. Julle kan julle eie musiek- of sangkeuse maak, of ons speellys gebruik deur die volgende skakel:

https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

C. WOORD

- *Lees die Skrifgedeeltes hardop voor, of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word ter voorbereiding. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te “verteer”. Lees daarna die vrae deur en groeplede kry dan die geleentheid om te reageer op die vrae wat tot hulle spreek.*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met “ek ...”-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos “ons/hulle/mens ...” nie.*

1. Speel jy wegkruipertjie?

*“The deeper our **faith**, the more doubt we must endure; the deeper our **hope**, the more prone we are to despair; the deeper our **love**, the more pain its loss will bring: these are a few of the paradoxes we must hold as human beings. If we refuse to hold them in the hope of living without doubt, despair and pain, we also find ourselves living without **faith, hope and love.**” – Parker J Palmer*

Vraag: Hoe spreek hierdie stelling tot jou?

Lees die volgende skrifgedeeltes en bespreek die vrae wat volg:

1 Konings 19:3-8 (NAV) Elia het bang geword en ter wille van sy lewe gevlug. Toe hy by Berseba in Juda kom, het hy sy slaaf daar agtergelaat. Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: “Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie.” Toe gaan hy lê en hy het daar onder die besembos aan die slaap geraak. Toe hy hom weer kom kry, skud 'n engel aan hom en sê: “Word wakker! Eet!” Toe hy opkyk, sien hy by sy kop roosterkoek wat op warm klippe gebak is, en 'n kruik water. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê. Die engel het 'n tweede keer aan hom geskud en gesê: “Word wakker! Eet! Anders sal die pad vir jou te lank word.” Toe staan hy op en hy eet, en deur die krag van die kos kon hy veertig dae en veertig nagte lank loop tot by Horeb, die berg van God.

Vrae:

1. Op watter manier kan jy met Elia identifiseer?
2. Op watter maniere hanteer jy jou hartseer?
3. Hoe hanteer jy ander se diep pyn?
4. Watter vrese het jy en hoe affekteer vrees tans jou lewe?
5. Elia is op die punt van uitbranding. Waar bevind jy jouself tans ten opsigte van uitbranding?

2. Oefening van die week

Groepede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.

Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.

In hierdie week werk ons aan ons slaapgewoontes. Soos Elia kry ons ons kragte bymekaar sodat ons fisies ‘skerp’ kan wees wanneer die Here met ons gaan ontmoet. Vra die Here om jou te versterk in jou slaap sodat jy genoeg energie kan hê vir die volgende dag.

3. Seëngebed

Hierdie seëngebed kan as die afsluitingsgebed gebruik word.

Mag jy goed slaap, jou kos geniet en eenvoudige plesiertjies ten volle beleef. Mag God jou ook in die donker gedeeltes van jou lewe ontmoet en jou vrese aanspreek. Amen.



the EXAMEN

The *Examen* is a method of reviewing your day in the presence of God. It's actually an attitude more than a method, a time set aside for thankful reflection on where God is in your everyday life. It has five steps, which most people take more or less in order, and it usually takes 15 to 20 minutes per day. Here it is in a nutshell:

- 1** Ask God for light.
I want to look at my day with God's eyes, not merely my own.
- 2** Give thanks.
The day I have just lived is a gift from God. Be grateful for it.
- 3** Review the day.
I carefully look back on the day just completed, being guided by the Holy Spirit.
- 4** Face your shortcomings.
I face up to what is wrong—in my life and in me.
- 5** Look toward the day to come.
I ask where I need God in the day to come.

HERDERS:

Ruan Rabie (12-18 j.)

ruanr@lewensentrum.org

076 793 0297

Quenita Grobler (12-18 j.)

quenita@lewensentrum.org

076 833 3324

Leon Thiaradt (19-35 j.)

leon@lewensentrum.org

081 099 9154

Francois Fouche (36-48 j.)

francois@lewensentrum.org

063 179 5493

Willie Coetzee (49-60 j.)

willie@lewensentrum.org

083 417 7792

Herman Coetser (61+ j.)

herman@lewensentrum.org

083 268 7888